## 9 Januarie — Josua 9:1-27

### *Eie insig en gebedswerk*

Hoe baie keer oordeel ons nie op die uiterlike nie? Groot lewensvrae staan voor ons deur en ons oordeel op grond van wat ons menslike oë sien. Dieselfde fout is deur die Israeliete gemaak. Die Gibeoniete het hulle werklik 'n rat voor die oë gedraai met ou brood en verslete klere en wynsakke. Op grond van die uiterlike het hulle die verkeerde besluit geneem. Teen alles wat die Here hulle voorheen beveel het. Hulle het "na die padkos gekyk, maar nie die Here geraadpleeg nie".

Die Here leer ons om die pad van more op ons knieë te begin. Die antwoorde van lewensvrae lê nie uitsluitlik by wat ons sien nie, maar wat ons van Hom hoor. Dit vra meer tyd by die Here deurbring en minder tyd vir wêreldse antwoorde soek. Dit vra voortdurende gebedswerk. Die gebed van die gelowige het 'n kragtige uitwerking. Alles wat ek in die Naam van Jesus Christus vra, dit wat volgens God se wil is, gelei deur die Gees van God, dit sal ek kry.

Sing: Skrifberyming 50

Ds. J.P. van der Walt (Strand)